Ouerinligtingsaand

Graad 3

23 Februarie 2021

Primêre Skool
UNIVERSITAS

Sakelys

1. Opening en verwelkoming
2. Presensielys
3. Huiswerk
4. Leerareas
5. Basiese vaardighede
   - Lees
   - Reken
   - Skryf
   - Mondeling
   - Assessering
6. Ander
7. Ouerkomitee, Karri, Beheerliggaam

Primêre Skool
UNIVERSITAS

Baie welkom op die Graad 3-stoep. Ons wens vir julle is om ‘n geseënde jaar as gesin saam met ons Tjokkie-familie te hê.

Maak asb. seker dat u die presensielys teken.

Hier volg ‘n paar belangrike punte om van kennis te neem:

- Dis ‘n nuwe jaar met nuwe uitdagings, onthou dit bly ‘n aanpassing vir u kind.
- U kind gaan moet leer om meer onafhanklik te wees teen die einde van Graad 3, ter voorbereiding van Graad 4.

Skoolgeld

- Debietordervorms / betaling van skoogelde beskikbaar by die kantoor. Kontak Daleen Vermaak (051 522 1371).

Primêre Skool
UNIVERSITAS

Huiswerk

- Die meeste van die week se huiswerk word op ‘n Maandag gegee, doen dus die nodige beplanning vir die week, alle werk moet teen Vrydag voltooi wees. Kyk asb. daagliks, werk word soms bygegee deur die week. Geen huiswerk word op klasgroepe deurgegee nie.
- Kyk vir ‘n brief voor in die Wiskunde huiswerkdiktaat (geelboek) om werkswyse van hierdie boek te verduidelik.
- Dis belangrik om betrokke te wees en sorg dat huiswerk elke dag gedoen word.
- Sorg dat daar voldoende tyd is om huiswerk te voltooi.
- Al is u kind by middagstudie, is ouerhulp steeds belangrik. Die verantwoordelikheid bly steeds by ouers om toe te sien dat huiswerk volledig gedoen is.
- Elke leerder moet asb. self ‘n huiswerk-lyntjiesboek voorsien (om bv. spelwoorde te skryf), asook ekstra skryfbehoeftes hê om huiswerk te voltooi omdat pennesakkies nie daagliks huis toe gaan nie.
- Huiswerk is deel van skoolwerk en onvolledige huiswerk word genoteer.
- Gewoontevormende gedrag van onvoltooide werk, word teen hul naam gerekordeer en dus moet u asb. help in hierdie verband.

Primêre Skool
UNIVERSITAS

Leerareas

Ons fokus op:

- Afrikaans – Huistaal
- Engels – Eerste Addisionele Taal
- Wiskunde
- Lewensvaardigheid
- Suid-Sotho (Juf. Lize Mari Oosthuizen)

Beplanning

- Al die Gr. 3 juffrouens beplan saam.
  Dieselfde werk word gedek.

- Onthou elke klas het sy eie identiteit.



Primêre Skool
UNIVERSITAS

Basiese vaardighede

Leesvaardighede

- Huiswerk daagliks.
- Stories – leerders moet stories kan lees en oorvertel.

(Hulle moet kan lees met begrip.)

Rekenvaardighede

- Telwerk, tafels, kombinasies, ens. moet gereeld tuis vasgelê word.
- Wiskunde huiswerkdiktaat word gebruik vir ekstra oefening; ouers moet dit asb. self merk. (geel boek)

Skryfvaardighede

- Beoefen lopende skrif – Derde kwartaal is alles lopende skrif. Oefen gereeld tuis.

Primêre Skool
UNIVERSITAS

Mondeling

- Daar is ‘n deeglike verduideliking in Taaldiktaat (rooiboek) oor wat van leerders verwag word. (Laaste bladsy van oranje Taalafdeling.)
- Geen uitstel, alle leerders praat op gegewe datum.
- Geen powerpoints.

Assessering

- Deurlopend deur die kwartaal.
- Leerders ontvang vroegtydig die datums en werk waaroor hulle skryf.
- Let daarop dat dieselfde Wiskundebegrippe wat in die klas behandel word ook in toetse voorkom, maar die getalle kan verskil.

Primêre Skool
UNIVERSITAS

Neem asseblief kennis

- Skooltyd – wees asseblief stiptelik. (GSF 07:30 - 13:00)
- Speelgoed mag nie skool toe kom nie.
- Leerders moet ten minste 1 winter en 1 somer buitemuurse aktiwiteit doen. Slegs hek 1 en hek 4 sal oop wees na 14:00 waar leerders afgehaal kan word na sport.
  Leerders swem Vrydae indien moontlik. Dogters – vol swembroek, verkieslik navy. Swempet verpligtend. Seuns – navy swembroek, speedo, PT broekie, poly shorts of skool se hardloopbroekie. Swempet verpligtend.
- Vrydae trek Graad 3 leerders skoolsportklere aan.
- Moedig netheid aan in die kleedkamer.
- Die Tjokkie Weekblad is kommunikasie vanaf die skool en is op die webwerf beskikbaar. Dit word ook elektronies gestuur.
- D6 Connect – belangrike kommunikasie platvorm. Ouers moet dit aflaai. Vanaf 5 Maart sal alle inligting slegs op die webwerf en D6 verskyn.

Primêre Skool
UNIVERSITAS

- Pouse:
  - Dis ‘n lang dag en kinders moet eet.
  - Gesonde kos word aangemoedig, dit beïnvloed die kinders se gedrag.
  - Die Kaalvoetkafee het voedsame kos beskikbaar.
  - Waterbottels met ‘n suigproppie word in klas toegelaat, geen glasbottels. GEEN KOELDRANK of GEGEURDE WATER. (Maak seker bottels is goed toegedraai en lek nie in die tasse nie.)

- Traumatiese gebeure of siekte tuis:
  - Kommunikeer met juffrou

- Dissipline:
  - Dissipline en basiese maniere begin by die huis en nie by die skool nie.
  - Detensie (sien beleid van skool op webtuiste)
  - Klas verlaat of onnodig rondloop – word beperk
  - Klasreëls – Tjokkies se waardes word deurentyd aangemoedig: Respek, Verantwoordelikheid, Omgee, Geloof, Net my beste…..
  - Neem asb. kennis dat ek nooit ‘n kind onnodig sal straf nie!
  - Oop-deur-kommunikase vir bekommernisse en vreugdes
  - Geen selfone of belhorlosies mag in skooltyd gebruik word nie!

Primêre Skool
UNIVERSITAS

- Afwesighede
  - U kind mag u nie skakel nie, slegs Mev. Beaulah du Plessis/klasonderwyseres sal u kontak.
  - Beperk asb. doktersafsprake tydens skooltye.
  - Vermy asb. om te sê: " Laat juf. vir mamma bel…." Die kinders rus nie totdat dit gedoen word nie.
  - Volgens wetgewing mag daar nie medikasie aan kinders gegee word by die skool nie, tensy dit 'n noodgeval is.
  - Indien jou kind die oggend siek is, hou tuis (gebruik eie oordeel)
  - In die geval van kopluise of enige kinder-/aansteeklike siekte, hou hom/haar tuis totdat simptome weg is.
- Verjaarsdae
  - Leerders mag gewone klere aantrek.
  - Hanteerbare eetgoed. (Vermy groot houers roomys en roomyshorinkies asook verjaarsdagkoeke)
  - A.g.v. kostes is dit glad nie verpligtend om iets saam te stuur nie.
  - Eetgoed is opsioneel.
- Goeie slaaproetine word aangemoedig ten minste 8 tot 10 ure.
- Kommunikasie
  - Ouerafsprake: Indien u ons wil spreek oor 'n saak, maak asb. 'n afspraak.
  - Algemene navrae kan d.m.v. "Whatsapp"/SMS gedoen word
    Vermy asseblief boodskappe na 18:00 en oor naweke. (Tensy daar 'n noodgeval/krisis is.)
  - Versoeke en dissiplinêre sake moet asseblief skriftelik aan die betrokke onderwyser deurgegee word.

Primêre Skool
UNIVERSITAS

- Verkeer
  - Indien moontlik laai u kindjie by dieselfde hek op en af. Dit maak dit net vir die kinders makliker om te weet waarheen om te gaan.

- Snoepiekaarte
  - Probeer vir u kind ‘n snoepiekaart aanskaf vir aankope by die Kaalvoetkafee. Sodoende het ouers meer beheer oor wat kinders spandeer, geld raak nie verlore nie en dis soms ook vinniger tydens pouse aangesien rye lank kan raak.

- Middagstudie
  - Kinders wat inskakel by middagstudie weet al waar om aan te meld na skool. Onthou u as ouers moet asb. seker maak dat kinders se huiswerk volledig gedoen word.

Primêre Skool
UNIVERSITAS

Vir die ouers

- Ouerkomitee - 3 of meer ouers per klas. Juf. Lianza is sameroepster vir die jaar. Ouers gaan ook self ‘n nuwe voorsitter kies.

- Karri – alle betalings van R500 en minder word deur Karri betaal. Bedrae groter as R500 word d.m.v. EFT betaal.

- Beheerliggaamverkiesing – ons benodig kundige persone met die nodige agtergrond, ondervinding en kundigheid om op die volgende terreine te dien: Finansies, Regsaspekte, Bemarking, Geboue en Terrein.

Primêre Skool
UNIVERSITAS

To a child “love” is spelled, “T-I-M-E”

Zig Ziglar

Alhoewel jou kind nou al meer onafhanklik begin raak,
benodig hy/sy steeds dat jy met belangstelling na hom/haar sal luister.
Hulle het steeds jou bemoediging, betrokkenheid en ondersteuning nodig.





Primêre Skool
UNIVERSITAS

Julle samewerking word waardeer.

Dankie vir julle teenwoordigheid.



Primêre Skool
UNIVERSITAS